# Waardes Saalopening: Ysbreker 2: Would you rather - sou jy eerder

**Instruksie:**

- Lees elke keuse en laat die kinders dan deur middel van handopsteek kies watter een hulle verkies.

## Sou jy eerder:

1. Jou troeteldier opgee of jou selfoon?
2. Een vinger minder hê of een toon meer?
3. Sonder TV of sonder musiek wou wees?
4. Sonder musiek of sonder jou vriende wou wees?
5. Vir ‘n week aan jou ma vasgebind wou wees of vir ‘n maand in die tronk wou wees?
6. Lelik en ryk wou wees of mooi en arm?
7. Alleen op ‘n einland gestrand wou wees of op ‘n eiland saam met iemand wat jy haat?
8. Vir iemand anders iets wil gee, of eerder self iets by iemand wou kry?
9. Bekend wees vir die mooiste kind of vir die kind met die mooiste maniere?
10. Na skool wil gaan speel en dan jou huiswerk doen, of eers jou huiswerk doen en dan speel?
11. Meer geld of meer tyd wou hê?
12. Ryk wou wees en haat wat jy doen, of arm wees en mal wees oor wat jy doen?
13. Die laaste woord wil inkry, of dinge laat klaarkry?
14. Naby jou familie wil woon, of ver van hulle af?
15. Alles net kry of werk vir dit wat jy wil hê en voel jy verdien dit?
16. Eendag wil trou vir liefde of vir geld?
17. Wou hê dat jou pa of jou ma jou heeldag in die skool agter jou moet aaanloop?
18. Die onderwyser of die leerder wou wees?
19. R1 000 000 wou vind, of ware liefde?
20. Die held (hero) of die slegte ou (villain) wou wees?
21. Een van jou beste vriend se drome wil laat waar word, of jou eie?
22. Pouses kos van die snoepie wou eet, of broodjies wat jou ma gemaak het?
23. ‘n Selfie wou neem of ‘n groepfoto van jou vriende?
24. Gratis wifi wil hê oral waar jy gaan, of ‘n foon battery wat nooit pap word nie?
25. ‘n Dag sonder jou familie wou wees, of sonder jou foon?